Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

SENIOR FASE

GRAAD 9

NOVEMBER 2013

LEWENSORIËNTERING MEMORANDUM

PUNTE: **100**

Hierdie memorandum bestaan uit 6 bladsye.

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	D ✓	(1)
1.2	B ✓	(1)
1.3	D ✓	(1)
1.4	D ✓	(1)
1.5	C ✓	(1)
		[5]

VRAAG 2

2.1	Waar ✓	(1)
2.2	Waar ✓	(1)
2.3	Onwaar ✓	(1)
2.4	Waar ✓	(1)
2.5	Onwaar ✓	(1)
		[5]

VRAAG 3

3.1	C ✓	(1)
3.2	E ✓	(1)
3.3	A ✓	(1)
3.4	B ✓	(1)
3.5	D ✓	(1)
		[5]

VRAAG 4

4.1	geloof ✓	(1)
4.2	omgaan ✓	(1)
4.3	ignoreer ✓	(1)
4.4	lugleegte (vakuum) ✓	(1)
4.5	kopskuif ✓	(1)
4.6	geskiedenis ✓	(1)
4.7	nasie ✓	(1)
4.8	diversiteit ✓	(1)
4.9	beter ✓	(1)
4.10	verskille ✓	(1)
		[10]

TOTAAL AFDELING A: 25

AFDELING B

VRAAG 5

5.1
- Longe ✓
- Brein ✓
- Niere ✓
- Ruggraat ✓ (Enige 2 x 1) (2)

5.2 Dit is ʼn entstof om TB te voorkom en word algemeen gebruik om te verhoed dat ernstige vorme van TB by kinders voorkom. ✓ (1)

5.3 Deur die gebruik van twee anti-teringmiddels bekend as Isoniasied en Rifampisien .✓✓/
Deur ʼn dokter te raadpleeg/ʼn Plaaslike kliniek/gesondheidsfasiliteit Besoek. ✓✓ (2)

5.4 Borspyne, ✓/Oormatige sweet, /Hoes ✓/Wanneer jy bloed hoes, ✓/ Gewigsverlies/Verlies aan eetlus. ✓ (Enige 2 x 1) (2)

5.5 5.5.1 MDR-TB beteken veelvuldige-middelweerstandige tuberkulose.✓ (1)

5.5.2 Dit is tering wat bestand is teen selfs die beste anti-teringmiddels (Isoniasied en Rifampisien). ✓✓ (2)

[10]

VRAAG 6

6.1 Hulle het dit vertoon deur geweld/deur mekaar te slaan/aanranding van hul metgeselle. ✓✓ (2)

6.2
- Hulle het maklik kwaad geword. ✓
- Hulle tree aggressief op. ✓
- Hulle raak handgemeen wanneer hulle kwaad is. ✓
- Hulle sien nooit ander mense se siening in nie. ✓
- Hulle het ʼn swak selfbeeld. ✓ (Enige 3 x 1) (3)

6.3
- Deur met mekaar hul metgeselle te kommunikeer. ✓✓
- Deur mekaar te verstaan. ✓✓
- Deur mekaar se sienings te respekteer. ✓✓
- Deur te aanvaar as jou metgesel nie meer belangstel in hom/haar. ✓✓ (Enige 2 x 1) (2)

6.4 Gewelddadige (misbruikende) verhouding/romantiese verhouding. ✓ (1)

6.5 $8\ 000 \times \frac{60}{100} = 4\ 800$ ✓ (2)

[10]

VRAAG 7

7.1 Albei ✓/Stefan ✓/Cindy ✓ (1)

7.2 Stefan het Cindy beïnvloed/oortuig om ʼn bier te neem. ✓✓ OF
Cindy behoort selfgeldend op te tree en nie onder enige vorm van druk te swig nie. ✓✓ (2)

7.3 Sy wou nie haar dogter toelaat om gemorskos of ongesonde kos te eet nie. ✓✓ (2)

7.4 Dit was die eerste keer dat sy na ʼn kitskoswinkel uitgegaan het. Miskien was dit die eerste keer dat sy deur ʼn kêrel op ʼn afspraak genooi was. ✓✓ (2)

7.5 B Sosiale faktore ✓ (1)

7.6 7.6.1 Ja/Nee ✓ (1)

7.6.2 Sommige tieners is maklik beïnvloedbaar en wil graag eksperimenteer. Hulle kan uiteindelik alkohol gebruik wanneer hulle slegs wou eet. ✓✓ (2)

7.7 Stefan was onder die invloed van alkohol en dit is gevaarlik om te bestuur terwyl jy onder die invloed van alkohol is omdat dit padongelukke tot gevolg kan hê. ✓✓ (2)

7.8 Stefan het gedink omdat hy vir Cindy kos gekoop het, het hy die reg om seks van haar te eis. ✓✓ OF
Stefan het gedink dat Cindy hom seks skuld om hom sodoende terug te betaal vir die uiteet. ✓✓ OF
Hy was dronk. ✓✓ (Enige 1 x 2) (2)

[15]

VRAAG 8

8.1 Sy sê dit is meer ‘cool’ om Engels te praat en sy voel sy het nie nodig om isiXhosa aan te leer nie. ✓✓ OF Sy geniet dit meer om Engels te praat as isiXhosa. ✓✓ (Enige 1 x 2) (2)

8.2 Thandi se ma glo dat dit baie belangrik is dat ʼn mens jou moedertaal eerste moet aanleer, aangesien dit kinders ʼn goeie agtergrond in taalvaardigheid bied. ✓✓ OF Dit dra daartoe by om hul kulturele erfenis te bewaar. ✓✓ (Enige 1 x 2) (2)

8.3 Veeltaligheid beteken om meer as twee tale te praat en te verstaan. ✓✓ (2)

8.4
- Veeltaligheid help ons om ander mense se kulture en gebruike beter te verstaan. ✓✓
- Dit help ons om te voel dat ons almal Suid-Afrikaners is, selfs al is ons verskillend. ✓✓
- Dit help ons om met ander mense te kommunikeer. ✓✓
- Dit help ons om boeke, tydskrifte en koerante wat in ander tale geskryf is, te lees. ✓✓ (Enige 3 x 2) (6)

[12]

VRAAG 9

9.1 Studiebeurs ✓ en aanspoorfonds ✓ (2)

9.2 **'n Beurs** is finansiële hulp/bystand wat verleen word aan leerders wat goeie akademiese resultate gekry het, wat 'n behoefte het aan finansiële hulp en daar kan van hulle verwag word om dit terug te betaal. ✓✓
'n Aanspoorfonds is 'n toekenning wat aan 'n student op grond van uitsonderlike akademiese prestasies toegeken word. Daar word nie van hulle verwag om dit terug te betaal nie. ✓✓ (4)

9.3 Dit was 'n veraf droom, want sy ma was 'n enkelouer wat gesukkel het om hom deur die primêre skool te help. ✓✓ (2)

[8]

TOTAAL AFDELING B: 55

AFDELING C

VRAAG 10

10.1
- Moegheid ✓✓
- Wanneer die spelers sien dat hulle die wedstryd ver verloor. ✓✓
- Wanneer hul teenstanders by hulle verby dribbel en daarin slaag om hulle sodoende in die verleentheid te stel. ✓✓ (Enige 2 x 2) (4)

10.2
- Wanneer hulle besef dat hul span 'n wedstryd verloor. ✓✓
- Wanneer hulle na die stadions gaan onder die invloed van drank- en dwelms. ✓✓
- Wanneer hulle ontevrede is met die afrigter se keuse van spelers. ✓✓
- Wanneer 'n speler die toeskouers aanhits deur hulle te bespot nadat 'n doel aangeteken het. ✓✓ (Enige 2 x 2) (4)

10.3
- Hulle moet vergaderings reël met hul ondersteuners en hulle aanmoedig om korrek op te tree gedurende wedstryde. ✓✓
- Hulle sou toekennings aan die einde van die seisoen kon gee vir die toeskouers wat hulle die beste gedra het tydens wedstryde wat as aansporing kan dien. ✓✓
- Hulle moet gebruik maak van massamedia en die wangedrag veroordeel. ✓✓ (Enige 1 x 2) (2)

10.4 10.4.1 Hokkiespan – 11 spelers ✓ (1)

10.4.2 Rugbyspan – 15 spelers ✓ (1)

10.4.3 Netbalspan – 7 spelers ✓ (1)
[13]

VRAAG 11

11.1
- Lihle moet ophou hamburgers eet en eerder 'n verskeidenheid van vrugte en groente eet. ✓
- Indien oefening nie lekker is nie, kan hy net elke dag 'n lang ent stap. ✓
- In plaas van om gebruik te maak van 'n afstandbeheerde kontrole, kan hy opstaan en die TV met die hand aan- en afskakel. ✓
- Dit is goed dat hy nie alkohol drink nie; hy moet elke dag baie water drink. ✓
- Lihle moenie die speel van speletjies saam met sy vriende onderskat nie. ✓
- Enige relevante antwoord. (Enige 3 x 1) (3)

11.2 Lihle se **BMI** is $\frac{54 \checkmark}{1{,}63 \text{ x } 1{,}63}$ = 20,32 ✓✓ (3)

Lihle se BMI is <u>normaal</u>, want dit wissel tussen 18,5 – 24,9. ✓ (1)
[7]

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100